VOLUME 1/2008

JUNIE/JUNE 2008

HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

STRUISIEBONDER

# STRUISIE STYL/STYLE 2008 SKITTER



Die graad 11's het op 14 Mei Struisie Styl/Style 2008 in die vorm van 'n modeparade in die skoolsaal aangebied ten bate van die matriekafskeifonds. En is dit met styl aangebied!

Dit het omtrent gelyk soos 'n Mej. Suid-Afrika in die kleine - drie oud-Struisies, Wilma van der Bijl-Tapanlis [Mej. SA 1987], Bertha le Roux [Mej. SA Tiener 2005] en Gita Olivier [Mej. CPUT 2008] - het almal status verleen aan hierdie glansgeleentheid wat op kenmerkende wyse deur me Sophie Loubser gereël is.

Francois Ferreira, bekende kosghuru, het as seremoniemeester op-getree terwyl die sang-egpaar, Danie en Elmine Bester, vir die sang gesorg het. Gasvrouens het die tafels beman en een en elk van die 250 gaste was dit eens dat Struisie Styl/Style 2008 'n reuse sukses was!

Tydens die geleentheid is Erik van Rooyen en Jeandré de Villiers onderskeidelik as Meneer en Mejuffrou Struisie 2008 aangewys.

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

IN HIERDIE UITGAWE

| | |
|---|---|
| Uit die pen van die voorsitter | 2 |
| Jurgen staan internasionaal | 2 |
| Rugbytoer na Namibië | 3 |
| Nuwe Direkteur van Sport | 3 |
| Kortnuus | 3 |
| Isabel na Beijing | 4 |
| Waldo Lategan | 4 |

Vir die 2008-kalender...

| | | |
|---|---|---|
| 13-14 | Jun | 0/13-Rugbytoernooi |
| 9 | Aug | STRUISIEDAG<br>1978-Reünie |
| 22-24 | | 1998-Reünie |
| 12-14 | Sept | 1988-Reünie |
| 24 | Sept | Matriekafskeid |

# Uit die pen van die voorsitter...


MANIE OLIVIER

**Waar is al ons oud-Struisies dan? Ja, die jaar is alweer halfpad verby en daar moet nog so baie gebeur in 2008.**

Die Towers Trust Inisiatief wat in 2007 geloods is, is sterk aan die gang. Hierdie projek is deur Towers Trust geïnisieer om Hoërskool Oudtshoorn op akademiese, sport– en kultuurgebied as modelskool te ontwikkel. Word deel van dié inisiatief. Jy kan 'n verskil maak.

Ons sien ook baie uit na al die reünies wat vanjaar beplan word. Ons is seker dit gaan 'n reuse sukses wees. Skakel gerus die skool vir meer besonderhede.

Vanjaar is weer Struisiedag. Ek wil 'n beroep doen op alle oud-Struisies, vriende en ondersteuners om op 9 Augustus 2008 'n spanpoging aan te wend en die Kwaggas te wys hoe lyk getroue Struisies. Teken solank Vrydagaand 8 Augustus 2008 aan. Dan gaan ons groot geesvang by die Struisiebond. Aan die skool met al sy leerders en personeel: ons is trots op julle, trots om 'n oud-Struisie genoem te word. **Struisiegroete. Manie Olivier.**

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

# JURGEN STAAN INTERNASIONAAL



Jurgen Hanekom, oud-leerder en hoofseun [2002] aan Hoërskool Oudtshoorn, is besig om naam te maak as krieketskeidsregter en is al 'n algemene gesig by die nasionale toernooie in Suid-Afrika.

Dit alles het in gr. 9 begin toe mnr. Dinky Lamprecht vir Jurgen op die veld gestuur het om as skeidsregter op te tree. Dit was asof hy gebore was vir dié taak en dit was dan ook geen wonder nie dat hy alreeds daardie jaar gekies is om saam met die SWD-span na die nasionale toernooi van die Suid-Afrikaanse Krieketraad te gaan nie.

In 2003 is hy op die Khaya Majola 0/19-krieketweek as die beste skeidsregter aangewys. Hy staan in die finaal en treeas skeidsregter op vir die S.A. Skolespan teen 'n KwaZulu Natal Uitnodigingspan. Hiervoor ontvang hy sy S.A. Skole Krieketkleure.

Na skool tree hy drie keer as skeidsregter op by die S.A. Universiteite Krieketweek. Hy word dan ook in 2004 en 2005 aangewys as die beste skeidsregter op dié toernooie en staan elke keer in die finaal.

In 2007 word hy deur Krieket Suid-Afrika genooi om as skeidsregter by die S.A. Klubkampioenskappe op te tree. Tydens hierdie toernooi word hy as een van die top 6 skeidsregters geag en op grond van dié prestasie word hy genooi om as skeidsregter in die Internasionale Krieketraad se Vroue Wêreldbeker Kwalifiserende Toernooi [2008] in Stellenbosch op te tree. Hy was 12 jaar jonger as die tweede jongste skeidsregter op dié wêreldklastoernooi.

Hy het in twee van die Internasionale Krieketraad se amptelike Eendag Internasionale wedstryde opgetree, naamlik Pakistan teen Ierland en ook in die semi-finaal tussen Suid-Afrika en Ierland.

Jurgen is weer genooi om vanjaar tydens die S.A. Nasionale Klubkampioenskappe as skeidsregter op te tree. Met hierdie puik prestasies kan Jurgen hom eersdaags op Krieket Suid-Afrika se ontluikende eersterangse skeidsregterpaneel bevind.

Akademies het Jurgen ook nie laat slaplê nie. Hy het reeds die grade B.Rek en Hons. B.Rek. behaal en ook sy eerste Kwalifiserende Eksamen vir Geoktrooieerde Rekenmeesters geslaag. Hy werk tans as artikelklerk by PriceWaterhouseCoopers in Kaapstad.

**Struisies is baie trots op Jurgen.**

STRUISIEBOND
TTi
TOWERS TRUST
INISIATIEF • INITIATIVE

# MEMORIES...



## BOEBOE VISSER NUWE DIREKTEUR VAN SPORT

**'n Bekende figuur in sportkringe op Oudtshoorn en in die SWD, Boeboe Visser, is pas aangestel as Direkteur van Sport by Struisies.**

Boeboe, wat SWD op rugby– en krieketgebied verteenwoordig het, is beslis 'n waardetoevoeging tot Struisies se sport. Sy ywer en sy sportkontakte is beslis tot voordeel van Hoërskool Oudtshoorn se skoolgemeenskap.



Sy kinders, Mareli en Gerrit, was altwee Struisies. Sy verbintenis met Struisieland kom dus al oor baie jare!

**Welkom in Struisieland!**

# KORT NUUS ...

- **Dr Francois Joubert [1980] het sy PhD by Maties verwerf.**
- **Leana Greeff [2004] ontvang die medalje vir die beste 3de jaar Chemiestudent van Maties.**
- **John-Randall Vermaak het sy MB, ChB cum laude aan Maties voltooi.**
- **Die Ad Astrakoor is vanjaar 21 jaar oud. Baie geluk, Elmine en Danie Bester, met hierdie "baba"**
- **Erik van Rooyen is gekies vir die SA Skole Gholfspan.**

### REUNIONS / REÜNIES

**1968: 3-5 Okt Kotak vir André Schoeman by 044-2723030 [tel & faks]**
**1978: 8-10 Aug [Struisiedag] Kontak vir Laubscher Coetzee 082-8985941**
**1988: 12-14 Sept. Kontak vir Dowlene Ungerer by tel [044-2033702] faks [044-2033715].**
**1998: 22-24 Aug [Struisiedag] Kontak vir Leo Tomé by 072-2145499.**

**Gaan asseblief na Struisies se webtuiste [www.oudhs.co.za] en voltooi die aanlyn-inligtingsvorm**

**Lees jou STRUISIEBONDER op www.oudhs.co.za**

# NAMIBIESE RUGBYTOER ONGELOOFLIKE ERVARING!




Die manne van die Eerste rugbyspan kan net nie uitgepraat raak oor hulle toer na Namibië nie. En om dit nog soeter te maak, wen hulle al die wedryde op toer.

Van die hoogtepunte op toer was o.a. die besoeke aan die Namibiese Bierbrouery, die Etoshapanne en die duine-ry by Swakopmund.

'n Oud-Struisie en Namibiese sportman, Rudi van Vuuren, het die span ook een aand onthaal op hulle wildplaas.

Struisies klop Akademia 107-0, Otjiwarongo 23-5 en Walvisbaai 52-0. **Baie geluk!**



SPORT

**HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL**

STRUISIEBOND
Posbus/P.O.Box 194
OUDTSHOORN 6620

Tel : 044-2791623 x 17
Fax: 044-2725365
Email :
struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**STRUISIEBOND**

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

# WALDO IN SA SKOLE KRIEKETSPAN

Waldo Lategan, kranige sportman van Struisies en die SWD, is in Desember 2007 in die SA Skole Krieketspan opgeneem. Hy is die eerste krieketspeler uit die SWD wat hierdie eer te beurt geval het. Waldo studeer tans aan die Universiteit van die Vrystaat en speel krieket vir die Eagles.

Hy is ook pas deur Krieket SWD vereer as die Beste Skole Krieketspeler van 2007. Hierdie puik sportman het ook die SWD Cravenweekspan [senter] op die Coca-Cola Cravenweek verteenwoordig.

Struisies wens hom alles van die beste toe met sy toekoms.



WALDO LATEGAN

## ENB STRUISIEDAG 2008

### 9 AUGUSTUS

Tref nou reeds jou reëlings vir hierdie GROOT geleentheid !



ISABEL LE ROUX

# ISABEL OP PAD NA BEIJING

Isabel le Roux [2005], Afrika-kampioen in die 200m [22,69] en tans een van Suid-Afrika se top damesatlete, se droom is bewaarheid! Sy gaan Suid-Afrika later vanjaar by die Olimpiese Spele in Beijing verteenwoordig. Hierdie kranige oud-Struisie is besig om haar merk te maak in internasionale atletiek. As 16-jarige is sy alreeds gekies om SA op die Wêreld Junior Kampioenskappe in Italië te verteenwoordig.

Isabel is die dogter van oud-Struisie dr Johann le Roux, wat op Oudtshoorn praktiseer, en sy vrou Elsa. Hierdie 21-jarige atleet vertrek binnekort na Europa om daar te slyp vir die Olimpiese Spele later vanjaar. Sy gaan aan byeenkomste in Nederland en Duitsland deelneem. Volgens haar afrigter, Juan Strydom, is sy tans onder die vinnigste 200m-damesatlete in die wêreld.

**Struisies is baie trots op Isabel!**

## LE-CHÈ FRANS TO COMPETE AT COMMONWEALTH GAMES

Le Chè Frans has been chosen as part of the South African Karate Team competing at the 2008 Commonwealth Games in Scotland from 29 May to 4 June. This follows her silver medal at the recent SA Karate Trials in Sasolburg.

Le Chè is also a graded 2nd Dan Black Belt. Struisies will follow her career with interest. We hope that she will bring back the medal that she so dearly strive for.




# STRUISIEBOND

## HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

POSBUS/ P.O.BOX 194 OUDTSHOORN 6620

TEL 044-2791623 e.mail : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**LIDMAATSKAPVORM / MEMBERSHIP FORM**

*DUI AAN MET X / INDICATE WITH X*

OUDSKOLIER / EX-SCHOLAR ☐ ONDERSTEUNER / SUPPORTER ☐ OUDONDERWYSER / EX-TEACHER ☐

VAN / SURNAME : ______________________________

NOOIENSVAN / MAIDEN NAME : ______________________________

VOORNAME / FIRST NAMES : ______________________________

ADRES / ADDRESS : ______________________________

______________________________

KODE / CODE : ______________

e-pos / e.mail : ______________________________

TEL: KODE/CODE :________NR/NO :______________________

MATRIEKJAAR / MATRIC YEAR : ______________________________

**LEDEGELD / MEMBERSHIP FEE : R50 p.a.**

BETALING / PAYMENT : TJEK / CHEQUE : ☐

DIREK / DIRECT : ☐ STRUISIEBOND, NEDBANK, OUDTSHOORN, 1626 020930